
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Verbruikersbesteding wat onafhanklik van die vlak van inkome is, staan as … verbruik bekend.

A afgeleide
B outonome
C huishoudelike
D totale

1.1.2 'n Beraming van nuwe data wat onbekend is, gegrond op feite wat bekend is, staan as ... bekend.

A ekstrapolasie
B tendenslyn
C 'n bewegende gemiddelde
D die lengte van 'n siklus

1.1.3 'n Niebetaler kan nie by die verbruik van … goedere uitgesluit word nie.

A niemeriete-
B meriete-
C kollektiewe
D gemeenskaps-

1.1.4 'n Daling in die waarde van een geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid as gevolg van markkragte, staan as ... bekend.

A appresiasie
B evaluasie
C depresiasie
D devaluasie

1.1.5 'n Handelsooreenkoms wat die reëls vaslê wat handel van goedere tussen lande beheer, staan as ... bekend.

A 'n handelsprotokol
B handelsliberalisering
C vryhandel
D 'n handelskontrak


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 Die toepassing van wetenskaplike kennis om nuwe innovasies in die produksieproses te ontwikkel, staan as ... bekend.

A natuurlike hulpbronne
B entrepreneurskap
C tegnologie
D arbeid

1.1.7 Die owerheid se sleutelaktiwiteite en tydraamwerke vir die implementering van nywerheidsontwikkelingsprogramme is in die … geformuleer.

A Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk
B Nywerheidsbeleid-aksieplan
C Nasionale Navorsing- en Ontwikkelingstrategie
D Geïntegreerde Vervaardigingstrategie

1.1.8 'n Wêreldorganisasie wat finansiële steun verleen om ekonomiese ontwikkeling in ontwikkelende lande te verhoog, staan as die ... bekend.

A Verenigde Nasies
B Wêreldhandelsorganisasie
C Internasionale Monetêre Fonds
D Wêreldbank (8 x 2) (16)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Reële vloei | A | streef daarna om teen 2030 armoede te elimineer en ongelykheid te verminder |
| 1.2.2 | Phillips-kromme | B | 'n oormatige opeenhoping van liggaamsvette wat gesondheid negatief beïnvloed |
| 1.2.3 | Nasionalisering | C | oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite van die privaat sektor na die openbare sektor |
| 1.2.4 | Absolute voordeel | D | 'n aansporing wat daarna streef om belegging in die opleiding van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te voorsien |
| 1.2.5 | Ekonomiese unie | E | lande deel 'n enkele monetêre stelsel, een sentrale bank en 'n verenigde fiskale stelsel |
| 1.2.6 | Nasionale Ontwikkelingsplan | F | oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite van die openbare sektor na die privaat sektor |
| 1.2.7 | Vaardigheids-ondersteuningsprogram | G | beweging van goedere, dienste en produksiefaktore tussen ekonomiese deelnemers |
| 1.2.8 | Obesiteit | H | wanneer 'n land 'n goed of diens goedkoper as ander lande kan produseer hoewel dieselfde hulpbronne gebruik word |
| | | I | illustreer die verhouding tussen werkloosheid en inflasie |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die proporsie van addisionele inkomste wat huishoudings verkies om op goedere en dienste te bestee

1.3.2 'n Ekonomiese aanwyser wat op dieselfde tyd as die ekonomie verander

1.3.3 Die item in die betalingsbalans wat transaksies aanteken wat aan die verkoop van besighede of vaste eiendom gekoppel is

1.3.4 Diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleide wat probeer om die vlak van totale vraag te verander

1.3.5 Die samewerking tussen die owerheid en private maatskappye om groot infrastruktuurprojekte te finansier, bou en bedryf

1.3.6 Meet die aantal kinders wat sterf voordat hulle een jaar oud word, per duisend lewende geboortes in 'n jaar (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE soorte wisselkoersstelsels. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word investering as 'n inspuiting in die ekonomiesekringloop-model beskou? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE EKONOMIESE AKTIWITEIT**




[Aangepas uit https://x.com/zapiro]

2.2.1 Identifiseer 'n inkrimpingsfase van die sakesiklus in die spotprent hierbo. (1)

2.2.2 Noem enige EEN monetêre beleidsinstrument wat gebruik kan word om ekonomiese aktiwiteit te beïnvloed. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *amplitude*. (2)

2.2.4 Waarom is leidende aanwysers belangrik vir beleidmakers in die ekonomie? (2)

2.2.5 Hoe kan ekonomiese herstel die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE RUILVOET**




[Aangepas uit SARB: Kwartaallikse Bulletin, Junie 2024]

2.3.1 Identifiseer die uitvoerprysindeks vir 2023 in die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Noem die formule vir die berekening van die ruilvoet. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *globalisering*. (2)

2.3.4 Verduidelik die effek van internasionale handel op produksie van goedere en dienste. (2)

2.3.5 Hoe kan 'n daling in die ruilvoet die ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek die finansiële mark binne die VIERSEKTOR-ekonomiesekringloop-model. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe kan aanbodkantmaatreëls gebruik word om die vlak van ekonomiese aktiwiteit in die gladstryking van sakesiklusse te stimuleer? (4 x 2) (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE kontantvoordele wat deur die owerheid aan huishoudings voorsien word. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom is hoë landelik-stedelike migrasie 'n probleem vir plaaslike owerhede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE INDIENSNEMINGSAANWYSERS**

| Termyn | Indiensnemings-koers | Werkloosheids-koers | Ekonomiese aktiewe bevolking (EAB) |
|---|---|---|---|
| Kw1: 2024 | 67,1% | 32,9% | 24,9 miljoen |
| Kw2: 2024 | 66,5% | 33,5% | 25,1 miljoen |

[Aangepas uit https://www.statssa.gov.za]

3.2.1 Identifiseer die indiensnemingskoers vir die tweede kwartaal van 2024 in die tabel hierbo. (1)

3.2.2 Gee EEN rede vir die hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese aktiewe bevolking (EAB)*. (2)

3.2.4 Verduidelik die belangrikheid daarvan om die verbruikersprys-indeks(VPI)-syfers saam te stel. (2)

3.2.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse ekonomie uit 'n toename in indiensneming voordeel trek? (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SPESIALE EKONOMIESE SONES IN SUID-AFRIKA**

Spesiale ekonomiese sones (SES'e) in Suid-Afrika het nie ten volle aan hulle potensiaal voldoen nie. Daar is aspekte van Suid-Afrika se SES-model wat duidelik moet verander, waarvan een is dat die sones binne 'n langtermyn-ontwikkelingsplan moet pas, eerder as om onbeplande projekte te wees.

Die owerheid moet eerlik en bekwaam wette implementeer wat beleggersvertroue in SES'e sal inboesem.

[Bron: www.mg.co.za]

3.3.1 Identifiseer enige EEN uitdaging waarvoor Suid-Afrika te staan kom by die implementering van spesiale ekonomiese sones (SES'e) in die uittreksel hierbo. (1)

3.3.2 Noem die spesiaal geboude nywerheidsterrein wat fisies omhein en aan 'n internasionale lughawe of hawe verbind is. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *streeksontwikkeling*. (2)

3.3.4 Verduidelik die belangrikheid van positiewe beleggersvertroue vir die ekonomie. (2)

3.3.5 Hoe kan besighede voordeel trek deur in spesiale ekonomiese sones (SES'e) bedryf te word? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks die *Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)* en die *Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram (BBSEB)* as Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse owerheid die sukses van streeksontwikkelingsbeleide verseker? (4 x 2) (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van eksogene oorsake van sakesiklusse. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is dit belangrik vir die owerheid om 'n meer doeltreffende vervoerinfrastruktuur in die ekonomie te bevorder? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NASIONALE-REKENINGOMSKAKELINGS SUID-AFRIKA 2023**

| ITEM | BEDRAG (R miljoen) |
|---|---|
| **Bruto waarde toegevoeg (BWT) teen faktorkoste** | **6 175 572** |
| Belasting op produksie | 148 361 |
| Subsidies op produksie | 13 104 |
| **Bruto waarde toegevoeg (BWT) teen basiese pryse** | **(A)** |
| Belasting op produkte | 730 506 |
| Subsidie op produkte | 17 341 |
| **Bruto binnelandse produk (BBP) teen markpryse** | **7 023 994** |

[Bron: SARB, Kwartaallikse Bulletin, Junie 2024]

4.2.1 Identifiseer die item wat verwys na die pryse wat deur verbruikers vir goedere en dienste betaal word. (1)

4.2.2 Noem enige EEN voorbeeld van belasting op produkte. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *faktorkoste*. (2)

4.2.4 Verduidelik die impak van subsidies op produksie aan produsente van goedere en dienste. (2)

4.2.5 Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die waarde van die bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse **(A)** te bereken. Toon ALLE berekeninge. (4)


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3 Bestudeer die dialoog hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERBETER DIE LEWENSTANDAARD DEUR VAARDIGHEIDSONTWIKKELING**




[Aangepas uit www.google.com/humandevelopment]

4.3.1 Identifiseer 'n menslike-ontwikkelingsindeks-aanwyser wat met onderwys verband hou in die dialoog hierbo. (1)

4.3.2 Noem die groei- en ontwikkelingstrategie wat beoog om die uitdagings van vaardigheidstekorte in Suid-Afrika op te los. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*. (2)

4.3.4 Verduidelik die belangrikheid van gesondheidsorg vir menslike ontwikkeling. (2)

4.3.5 Hoe kan die owerheid vaardigheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevorder? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *natuurlike hulpbronne* en *klimaatstoestande* as aanbod-redes vir internasionale handel. (2 x 4) (8)

4.5 Ontleed die belangrikheid van demografiese aanwysers vir die Suid-Afrikaanse owerheid. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord:<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/ Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die redes vir openbaresektor-mislukking. (26)
- Hoe kan fiskale beleid gebruik word om die ekonomie positief te beïnvloed? (10)
  **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die argumente ten gunste van beskerming. (26)
- Waarom is dit belangrik vir Suid-Afrika om sy uitvoerkapasiteit te verhoog? (10)
  **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African